# *Dit Was Nie So Van Die Begin Af Nie*

. . .staan net vir 'n oomblik van gebed. Sal ons ons hoofde buig.

2 Here, ons is dankbaar teenoor U vir hierdie mees merkwaardige geleentheid om met U mense te praat. En dit is geskryf in die Skrifte: "As die volk oor wie U Naam uitgeroep is, hulleself sal vergader en bid, dan sal U uit die Hemel hoor." En dit is die gesindheid waarin ons nou kom, O Here, dit is waarom ons vergader is, dat U ons sal ontvang, en ons vergewe van ons sondes en ons oortredinge teen U, en ons lewens voorberei, sodat daar geen goeie ding van ons weerhou kan word nie, wat U Gees vrylik aan ons sal gee, omdat ons weet U het voorbereidings getref vir hulle om vir ons gegee te word.

3 Seën die woorde wat uitgegaan het, die sing van die liedere, en ons getroue broer se boodskap net nou. En ons bid dat U sal voortgaan om met ons te wees, en ons vanaand sal help in die genesingsdiens. Mag, terwyl ons bid, mag U hier wees om gebed te beantwoord, die siekes en beproefdes te genees, en bo alles, red die verlorenes, Vader. Want dit vra ons, in Jesus' Naam. Amen.

4 Mag maar sit. Net agter die gordyn, het ek hierdie groot boodskap geniet wat Broer du Plessis, van Suid-Afrika, so pas vir ons gegee het. En hierdie boodskappe sal hy elke oggend gee, instruksies gee oor hoe om Goddelike genesing te ontvang.

5 Vir vanmiddag, sodat ons nie te lank sal talm nie, want die kêrels wil die gebedskaartjies uitdeel net na afloop van hierdie diens. Môre, sal die gebedskaartjies uitgegee word om ses tot sewe-uur in die aand. Maar ek glo hulle het 'n konsert van een of ander aard hier in die tempel vanaand wat daardie tyd opneem, so die kaartjies uitgegee sal word net na afloop van hierdie diens.

6 Ek wil graag julle aandag vestig op van God se Woord, en dit, hierdie gedeelte wat ek nou sal lees word gevind in Matthéüs se Evangelie, die 19de hoofstuk en die laaste sewe woorde van die 8ste vers. Jesus wat praat: *Dit Was Nie So Van Die Begin Af Nie*.

7 Hierdie is nogal 'n ongewone teks, en dis vir 'n evangelistiese diens, soos waarin ons nou is, maar soos ek tevore gesê het, God is ongewoon, Hy doen dinge op ongewone maniere, maar dit is alles goed, want dit kom van God af; al Sy Woorde is Ewig.

8 En miskien deur so 'n teks te neem, mag dit gedink word dat ons iets probeer sê het, dat iemand anders verkeerd was,

en ons reg was. Nou, ons sou tot God bid dat niemand daardie gesindheid sou hê nie.

9 Net vandag, voor ek hiernatoe gekom het, is ek ontmoet en gegroet deur ’n goeie vriend van my, wat Katoliek van denominasie is, en hy het my lief, en ek het hom lief. En ek het, deur die genade van God, duisende sulke vriende dwarsoor die nasie, of die wêreld, wat streng sou verskil van my oor Skrifdoktrines, maar in gemeenskap.

10 ’n Prediker het my vrou gebel omtrent ’n maand gelede, en ek en hy het oor ’n Skrif gepraat. Hy het sy standpunt vas ingeneem, dat my geloof in Goddelike genesing verkeerd was, dat die Skrifte nie ondersteun het wat ek geleer het: dat Christus dieselfde was gister, vandag, en tot in ewigheid nie. Wel, hy is ’n Amerikaner en het ’n reg tot sy eie geloof. Maar ek het mooi met hom probeer praat, maak nie saak hoeveel hy probeer stry het nie, ek het net met hom gepraat soos ’n Christen behoort te praat, gebly by wat ek glo, maar hom ruimte gegee vir sy geloof. Hy het my vrou gebel, en hy het gesê: “Is Broer Branham by die huis vanmiddag?”

Gesê: “Nee, hy’s op sy hospitaalbesoeke.”

11 Gesê: “Suster Branham, ek wil een ding sê: ek het verskil van Broer Branham oor Skrifdoktrine, maar een ding weet ek, hy’s ’n Christen.” Ek hou daarvan. Net solank ons Christene is.

12 Hierdie Katolieke vriend van my het gesê: “Wat vreemd is vir my, Billy, is dit: dat jy nie teruggekom het na die moederkerk, die Katolieke kerk toe nie.”

13 “O,” het ek gesê: “ek het dit nog nooit verlaat nie.” En natuurlik, dit was baie verbasend vir hierdie kêrel. Soos hy, vreemd, na my gekyk het, het ek gesê: “Jy weet, soos volgens die leer van die kerk, dat Christus die Katolieke kerk gestig het, en die twaalf apostels daaroor geplaas het, met Petrus as die eerste pous, en hulle, deur inspirasie, die Bybel geskryf het, en die Bybel die geskiedenis van die vroeë Katolieke kerk is. En dan is die aansprake van die kerk, dat dit mag het om hierdie reëls te verander wanneer dit ook al wil, of dit goed vind om dit te doen.”

14 Ek het gesê: “Daarom glo ek net die Bybel, net soos Dit geskryf is, en Dit was die Doktrine van die eerste Katolieke kerk, so ek’s dan ’n outydse Katoliek, glo in sy eerste Doktrine, want ek het gelees dat die Stigter gesê het in die laaste deel van Sy Boek,” Dit was Jesus Christus: “dat: ‘Wie ook al een Woord sal wegneem of een Daarby sal voeg, dieselfde sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe vir hom.’ Daarom is ek ’n outydse Katoliek soos die eerste Katolieke kerk was, as die Bybel geskryf is deur die eerste Katolieke kerk.”

15 Jesus, toe Hy op aarde gekom het, het Hy gevind, soos Hy vandag sou vind, leraars van die Skrifte, wat goed leer wat nie so was deur die geïnspireerde Woord nie. Hulle het gepraat oor

die onderwerp van egskeiding, soos julle die vorige deel van die Skrifte sien leer het, en hulle het gesê dat hulle 'n gebod gehad het dat die vrou vir enige rede geskei moes word. Jesus het gesê: "Moses het dit gedoen as gevolg van die hardheid van julle hart, maar dit was nie so van die begin af nie."

16 Ons moet teruggaan en uitvind wat die fondasie is, en dan, as ons die fondasie kan kry, dan kan ons bou op 'n vaste fondasie. En geen gebou is sterker as sy fondasie nie, want die hele gebou rus op daardie fondasie, elke pilaar, elke venster, en die hele gebou rus op daardie fondasie.

17 En as God enigiets gesê het, is dit die stewigste fondasie waarop ons kan rus, geloof kan op geen ander rus nie. Geloof kan nie sy rusplek vind op die dryfsand van mense se idees nie, maar dit neem sy ewige posisie in op die onbeweeglike Rots van God se Ewige Woord, ons kan Daarop rus. As God so gesê het, behoort dit dit af te handel. Maar ons vind dat dit net in die hart van die mens is om iets te verdraai, of dit meer op datum te laat lyk, maar niks kan meer op datum wees as wat God gesê het nie.

18 Ek voel omtrent soos die ou swartman wat onder in die suide was, hy het die Bybel gedra, en hulle het vir hom gesê: "Mose, hoekom dra jy daardie Bybel rond?" Gesê: "Jy kan nie eens een Woord daarin lees nie. En waarom dra jy daardie Bybel onder jou arm?"

19 En die uitdrukking van die ou man was hierdie: "Ek dra Dit, baas, want ek glo Dit. En ek glo Dit soveel, dat ek Dit glo van *buiteblad* tot *buiteblad*, en die *buiteblad* ook, want op die *buiteblad* staan daar geskrywe: 'Heilige Bybel.'" Gesê: "Ek sal liewer op hierdie Bybel staan in die uur van my dood as om in die Hemel te staan."

En die man wat met die ou heer gepraat het, het gesê: "Dis nogal 'n stelling, Mose, vir jou om te maak!"

20 Hy het gesê: "Die rede waarom ek dit sê, baas, is omdat Dit met groter sekerheid sal staan as die Hemel, want in hierdie Bybel staan daar geskryf deur Jesus Christus, Sy geïnspireerde Outeur, dat: 'Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit faal nie.'"

21 Ek dink ons voel almal omtrent so: Laat God se Woord, soos Hy Dit geskryf het, geen eie uitlegging nie, net vir Homself spreek wanneer niemand Dit besoedel het nie: Lees Dit, glo Dit. Dit mag vreemd lyk, party van Sy aanhalings, maar God werk soms op geheimsinnige maniere om Sy wonders te doen. Ons moet Dit glo.

22 Ons vind uit dat in die dae van ons Here, toe Hy ons besoek het in die vleeslike vorm, dat Hy aanbidders gevind het wat na die kerk gekyk het vir verlossing. Ek glo nie dit het veel verander nie, mense kyk steeds na die kerk vir verlossing, en hulle kry partymaal dieselfde ding wat hulle in daardie dag het, een of ander soort mensgemaakte saak, een of ander geloofsbelydenis

in plaas van Christus. Geloofsbelydenisse is goed, kerke is goed, hulle is God se instellings, en ek het die hoogste respek vir enige kerk, ongeag van sy denominasie, wat gevestig is in die Naam van die Here Jesus om mense van sonde na geregtigheid te draai. Maar dan, soos dit aangaan, begin ons vind dat ons *hierdie* klein toegewing, en *daardie* klein toegewing het, en ons aanvaar iets vir iets anders, en so gaan dit.

23 En Jesus het daardie mense gevind, die Jode, wat die Woord van God verdraai, die gebooie van God kragteloos maak, Hy het gesê: "Julle neem, met julle tradisies, die Woord van God en verdraai Dit om Dit iets te laat sê wat Dit nie sê nie.

24 En wanneer iemand sê dat die Woord van God nie Goddelike genesing leer nie, sê hulle iets wat die Woord *nie* sê nie. En wanneer hulle sê die Woord leer nie die doop van die Heilige Gees vir gelowiges in alle eeue nie, sê hulle iets wat die Woord *nie* sê nie, hulle vervang iets om Sy plek in te neem.

25 Wanneer ons probeer sê dat om hande te skud, of lidmaatskap, of party van daardie dinge, wat in orde is . . . Maar dit sal nooit die plek van die Heilige Gees inneem in die Kerk nie, dis God se fondasie, en daar kan geen ander fondasie gelê word nie. Ons kan die Outeur van hierdie Boek so ernstig hoor waarsku: "As iemand nie wedergebore word uit die Gees nie, sal hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie."

26 So ons vind vandag dat mense steeds sê: "Dit beteken nie net wat Dit sê nie, Dit beteken iets anders. O, ons weet hulle sal sê die Skrif sê dat Jesus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, die Skrif praat wel van die genesing, maar dit was net vir die apostels, en vir die manne van daardie dae, om, in die dae van heidendom, te bewys dat Hy God was."

27 Ek wil nie krities wees nie, ek wil nie hê julle moet dink dat ek so daarin ingegaan het nie, maar ek sê dat dit daardie bewys meer nodig het vandag as wat dit toe het, vir vandag. Daardie dag, was hulle heeltemal aan die ander kant, niks van God geweet nie, en niks omgegee vir God nie, maar vandag, na tweeduisend jaar van Evangelieleer, en kerke, ensovoorts, hulle weet beter, of hulle behoort beter te weet. En dan probeer hulle Dit verdraai om Dit by 'n sekere geloofsbelydenis te laat pas, maar God se Woord bly stabiel, altyd dieselfde. Dan in 'n dag soos hierdie, sal mans en vroue wat na Christus toe sal kom, dan uitroep na die pastoor: "Waar is die God wat altyd sekere dinge gedoen het?"

28 Mag ek dit sê: dat 'n historiese God niks help, tensy Hy nou dieselfde God is as wat Hy toe was nie. Wat help 'n God van Moses, as Hy nie dieselfde God vanmiddag is nie? Wat sou dit help om vir 'n man wat verkluim het, te vertel: "Ek het 'n vuur hier geverf wat iemand jare gelede geverf het toe 'n groot vuur die sekere plekke warm gemaak het"? 'n Man wat vries, kan niks

by ’n geverfde vuur kry nie, net so min as wat ’n gemeente by ’n historiese God kan kry wat nie dieselfde God vandag is nie. Hy is dieselfde God, dis selfs teenstrydig met denke, wanneer ons Hom probeer wegsit as iets wat *was*, as Hy nie vandag is nie. Hy kan nie God wees, oneindig, tensy Hy dieselfde bly vandag nie.

29 En as Hy vir een geslag ’n wonderlike, groot, gesonde maaltyd van geestelike goed gegee het, en ons laat aansit het by mieliebrood en sorghum molasse, sou dit nie mooi wees nie, dit sou nie soos ’n vader wees nie, dit sou nie die geaardheid wees nie, dit sou nie gepas wees vir die—die Regter en die Geregtigheid van die hele wêreld om so-iets te doen nie.

30 Vleeslike vaders mag dit dalk doen, hulle mag dalk hulle kinders tot so ’n mate verag dat hulle sou, en so suinig wees, dat hulle nie hulle kinders sou voed nie en—en hulle sou sterf van ’n allergieë, ensovoorts, maar nooit sal ons Hemelse Vader ooit Sy kinders laat sterf aan die gebrek aan geestelike vitamiene nie, want Sy oorvloedige seëninge is vol, en verlang om te gee aan wie ook al wil. Waarom sou ons uitroep: “Waar is die God?”

31 Soos die kêreltjie eenkeer gevra het, in my stad: “As God so groot is, waarom kan iemand Hom nie sien nie? Waarom kan ons Hom nie aanskou soos ons dit altyd gedoen het, soos die Skrif gesê het Hy was nie?” Hoeveel idees kan mense daarin projekteer! Maar steeds probeer dit die feite omseil, en die feite bly steeds daar.

32 Dit herinner my aan Lukas, die 1ste hoofstuk, waar Jesus en Sy ouers gegaan het na die Pinksterfees, en Jesus twaalf jaar oud was. En dit was die gebruik in daardie dae, dat die mense hierdie groot, landwye Pinksterfees bygewoon het, dit was die insameling van die eerste vrugte van die oes. Maria, en Josef haar man, en die seuntjie Jesus, het na Jerusalem gereis, en nadat hulle in Jerusalem was vir ’n paar dae by die Fees, het hulle die stad verlaat, so geïnteresseerd in hulle mense by wie hulle was, dat hulle vergeet het om na te gaan om te kyk of Jesus by hulle was. O, hoe dit ooreeenstem met vandag! En hulle het ’n ent uitgegaan in die woestyn voor hulle ooit gekyk het, want hulle het gedink, sekerlik, was Hy daar.

33 Mag ek dit sê, nie krities nie, maar vir die, om hierdie punt te maak: Ek glo die kerk het dit gedoen, net met die gedagtes: “O, Hy is met ons. Ons hoef nie wonderwerke, en tekens, ensovoorts te hê nie, ons hoef nie vandag Goddelike genesing te hê nie, ons hoef nie die gawes van die Gees te hê nie, hulle is nie vir hierdie dag nie. O, Hy is in elk geval by ons.” Maar, my kosbaarste broers, besef julle ons het uitgevind dat al ons geloofsbelydenisse en kerke, ons onenigheid en verwarring vind? Iets is verkeerd.

34 En ons dink somtyds Hy mag onder ons familie wees, ek het al baiekeer daardie uitdrukking gehoor: “My moeder was ’n Metodis, of Baptis, of Presbiteriaan,” of sovoorts. Julle sal Hom

nooit so vind nie. En partymaal maak jy staat op wat moeder gehad het, 'n ondervinding met God, om vir jou versoening te maak, dit moet jou eie persoonlike geloof in God wees, jy vind Hom net nie daar nie.

35 So hulle het van pastoor tot pastoor nagegaan, van kerk tot kerk, sou ons sê, dit modern te maak, en hulle kon Hom nêrens vind nie.

36 Ek voel jammer vir mense vandag, baie duisende mense in hierdie volk wat behoort het aan dosyne verskillende kerke, om te probeer vind waar Jesus is. Hulle gaan na een sekere kerk toe, en hulle kyk daar; hulle gaan na 'n ander kerk toe, hulle gaan kyk daar, hulle vind uit daar's iets verkeerd. Hulle tree nie op soos, en glo soos, en aanbid soos. . . en daar's geen geklank van die Koning in die kamp nie, daar's geen vreugde nie.

37 Ek mag dit sê: As daar een ding was wat ek in Pinkstermense vind wat my laat glo dat hulle beslis besondere Christene is, nie as gevolg van hulle praat in tale, of die tekens van die Goddelike genesing nie, dis die vreugde wat hulle het, hulle is net glad nie skaam nie, hulle maak net hulle hare los en begin juig, want hulle het iets waaroor hulle nie skaam is nie, dit laat my glo dat daar iets besonders aan hulle is. Hulle is nie skaam nie, hulle sou net so maklik uitroep daarbuite in die straat as wat hulle sou hier in die kerk. En as 'n honderd mense vir hulle lag, sal dit hulle glad nie stop nie, hulle sal aanhou uitroep. Vreugde!

38 Kry hulle op die sendingvelde wat amper doodgaan van die honger, ek het hulle gesien met geen skoene aan hulle voete nie, wat lewe van omtrent dertig sent 'n week, die Evangelie verkondig, broer, net so gelukkig as wat jy kerk toe kom in 'n limousine. Hulle is bly, want hulle het iets gevind wat meer beteken as geloofsbelydenis, of denominasie, of—of kerkaffiliasie, hulle het gevind wat dit verg om vreugde te bring. En 'n Christen behoort gelukkig te wees, daar is vir ons gebid, dat ons vreugde vol mag wees, dis iets daaraan wat eg is.

39 Nou, as ons daardie vreugde verloor het, as ons daardie dinge verloor het, en ons kan hulle nie onder ons familie vind nie, ons kan hulle nie vind nie, dan is daar net een ding om te doen, is om terug te gaan na waar ons Hom gelos het. Die kerk behoort terug te gaan na die begin waar hulle Hom gelos het; en dis presies wat Maria en Josef gedoen het, hulle het Jesus gelos by die Pinksterfees, dis waar Maria en Josef vir Jesus gelos het.

40 En ek sê dit met alle oorweging en respek, dis waar beide Katoliek en Protestant vir Jesus verlaat het, by die Pinksterfees. Jy kan Hom nie vind deur hierrond te soek deur geloofsbelydenisse en denominasies nie, die denominasies en geloofsbelydenisse en almal moet teruggaan na die begin.

41 Toe Jesus op aarde was, het Hy gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." En wanneer 'n wynstok uitkom, kom die lote

uit die wynstok uit, en die eerste loot uitkom, lyk die tweede loot net soos die eerste een, die derde loot lyk soos die eerste een, en verder tot op die punt van die wynstok, lyk elke loot dieselfde. Een kom nie op met wynstokblare, en die ander met papajablare, 'n ander met eikeboomblare, en 'n ander met palmblare nie, as dit begin met 'n druiweblaar, eindig dit met 'n druiweblaar.

42 En as die eerste kerk 'n produk was van daardie Wynstok, Jesus Christus, en 'n Boek van Handelinge daarvan geskryf is, sal die tweede loot dieselfde ding moet wees, of dit is geënt op iets wat 'n ander lewe het. "Ek is die Wynstok, julle is die lote." As die eerste loot voortgebring het, vreugde, liefde, getrouheid, die gawes van die Gees, om bose geeste uit te dryf, waterdoop deur onderdompeling, en as ons dit vandag nie alles in die kerk vind nie, kry die kerk nie sy lewe van daardie Wynstok af nie. Want kerk vandag, ons Baptiste, Metodiste, Pinksters, en wat nog, as ons kerk, hulle nie 'n Boek van Handelinge van hierdie kerk kan skryf nie, dan is dit in die verkeerde wynstok, daar is iets verkeerd daarmee.

43 As Jesus vandag op aarde was, en ek sou na Hom toe loop, sê: "Here Jesus, ek gaan na 'n kerk toe wat nie in Goddelike genesing glo nie."

Hy sou sê: "Dit was nie so van die begin af nie."

As ek na Jesus toe gegaan, en gesê het: "Here, my kerk glo nie in praat in ander tale nie."

Sou Hy sê: "Dit was nie so van die begin af nie."

As ek na die Here Jesus toe gegaan, en gesê het: "Ek is besprinkel, en my kerk sê dis reg so, my pastoor sê: 'As ek jou besprinkel met water, is dit net so goed soos onderdompeling in water.'"

Sou Jesus antwoord: "Dit was nie so van die begin af nie."

As ek na Jesus toe geloop, en gesê het: "Ek het hand geskud en die regterhand van gemeenskap by die kerk gekry, ek glo dat ek wedergebore is."

Sou Jesus sê: "Dit was nie so van die begin af nie."

44 Dis waar. Ons moet teruggaan na die begin. Waar het die kerk vir Jesus gelos? By Pinkster. Dis waarnatoe die kerke sal moet teruggaan om Hom te vind, terug na Pinkster.

45 Dis wat die Angelus Tempel vandag nodig het. Ek het nie vir Mev. McPherson geken nie, ek was toe 'n klein seuntjie, maar ek het gehoor van julle dienste, hoedat hulle gekamp het in die park, en die paadjies vol was, en groot tekens en wonders plaasgevind het. Terug na die begin, Angelus Tempel, gaan terug na jou eerste plek en jou eerste liefde. Kom terug by 'n plek waar die krag van die Heilige Gees kan oorneem in hierdie diens, tekens en wonders gedoen kan word, en groot wonders, en duisende siele gevul kan word met die Heilige Gees. Terug na die begin!

46 Dis wat ons nodig het, dis wat die hele Los Angeles nodig het, dis wat dit nodig het, terug na Azusastraat, terug na die begin waar die Heilige Gees die voorrang gehad het, in plaas van die spoggerige afwysery, Hollywood evangelisasie, waar mense styf en formeel sit, en daar skaars 'n "Amen" onder hulle is, ek's teen sulke goed. Ek's 'n outydse Katoliek wat glo: "Terug na die begin, hoe God dit in die eerste plek gespreek het."

47 Daar het 'n geluid uit die Hemel gekom, nie 'n prediker af om 'n regterhand van gemeenskap te gee nie, of nie 'n priester om jou nagmaal te gee, heilige eucharistie, wat beteken "Heilige Gees." Dit het nie so gekom nie, Dit het gekom soos 'n geluid van 'n rukwind uit die Hemel, en Dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Terug na die begin, hongerhartige Los Angeles. En julle in radioland, en waar julle ook al mag wees: Terug na die begin.

48 Hierdie vorm van geloofsbelydenisse wat ons vandag volg, is mensgemaakte doktrines. Terug na die begin, na ware Pinkster, tot die uitstorting van die Heilige Gees, waar mans en vroue verlore raak in die Gees van God, waar hulle aanbid in die Gees, waar die vreugdeklokke lui, selfs op die siekbed, in die ure van dood, lui die vreugdeklokke nog steeds.

49 Jy sê: "Maar my kerk leer dit nie."

50 Maar Dit was nie so van die begin af nie. Die begin was by Pinkster, die begin, het die eerste loot 'n kerk voortgebring wat tekens en wonders gevolg het, 'n sendinggesinde kerk, mans wat hulle lewens afgelê het vir die saak, en nou kan ons nie 'n bietjie kritiek verduur vir die saak nie. Terug na die begin, hierdie dinge was nie so nie.

51 Nou, denominasies is goed, geloofsbelydenisse is goed, maar wanneer jy daardie broederskap afbreek, as 'n Metodis en Baptis nie die heerlikheid van God op dieselfde basis kan uitroep nie, is daar iets verkeerd.

52 Ek het altyd beeste opgepas. Ons het hulle deur die hekke geneem by die Arapaho Woud, sommige van hulle was Kalkoenspoor gebrandmerk, Diamant T, maar elkeen wat daar deurgegaan het, het 'n regte, egte, bloed-geregistreerde plaatjie gehad dat hulle Herefords was.

53 Ek glo dis hoe dit sal wees by die Koms van die Here Jesus. God sal jou nie vra of jy Pinkster was, òf of jy Baptis of Presbiteriaan was nie, dit sal die Bloedplaatjie wees wat jou deurneem. En die Bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde, en dit versterk die Kerk met die opstanding van Jesus Christus, en stuur Sy groot seëninge uit aan almal.

54 Ter afsluiting, mag ek dit sê: Nie lank gelede nie, was daar 'n groot, Amerikaanse musikant, 'n jong kêrel, besondere karakter, maar, o, hoe hy daardie musiek kon speel! En so, was sy aanvraag so groot oral, tot hy uiteindelik na Europa toe gegaan het om

daar te speel voor die groot liefhebbers van sy soort musiek. En een aand, nadat hy sy musiek gespeel het, was die gehoor so opgewonde, dat hulle op hulle voete gestaan, en geskree, en hulle hande teen mekaar geklap het.

55 En hulle het verwag dat die jongman sou uitstap en buig om hulle applous te waardeer, maar hulle het opgelet hy het nie 'n woord gesê nie. En hulle het gestop om te kyk wat die probleem was, en hulle het opgelet die jongman het nie eers sy gehoor opgelet nie, hy het opgekyk in die balkon, baie ver op. En hulle het almal omgedraai om te kyk waarna die jongman kyk, en bo in die balkon het die ou, meesteronderwyser gesit. Hy het nie opgelet wat sy gehoor gesê het nie, hy wou 'n—'n knik van die ou, meesteronderwyser kry.

56 Ek dink dis reg vandag, hierdie outydse prediking van die kruis, die doop van die Heilige Gees, tekens en wonders en wonderwerke in hulle regte toestand, dit is nie baie aantreklik vandag nie, mense noem jou mal. En baiekeer, as jy dit sal afrond en 'n bietjie orde *hier* kry en 'n klein bietjie *daar*, sal duisende der duisende na een of ander spreker kom luister, iemand wat afgerond is in grammatika, en hulle gee applous daarvoor. Maar, kerk vandag, laat ons nie luister na die applous van die wêreld nie, laat ons ons gedagtes vestig op die Leraar, die Heilige Gees, sien waarvoor Hy knik. "Sal Hy *hierdie* goedkeur? Gee Hy Sy goedkeuring vir ons prediking? Is hierdie tekens wat Hy gesê het sou volg, volg hulle ons bediening?"

57 Hier's wat Hy gesê het: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Markus die 16de hoofstuk, Sy laaste opdrag, die groot opdrag aan die Kerk: "Gaan julle in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word, hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. . . " Moenie net by daardie eerste aanhaling stop nie, want julle voeg by: "Dis al," maar dit was nie so van die begin af nie. Jesus het gesê: "En," *en* is 'n voegwoord: "vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In My Naam sal hulle duiwels uitdryf; met nuwe tale sal hulle praat; as hulle slange sou opneem; of iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Dis hoe dit was aan die begin. Mag ons altyd getrou bly aan die groot opdrag.

Kom ons bid.

58 Dit was nie so van die begin af, vir die mens om hand te skud met 'n ander, en homself 'n Christen te noem op daardie basis nie. Dit was nie so van die begin af, om by 'n kerk aan te sluit, of 'n sekere geloofsbelydenis op te sê, en jouself 'n Christen te noem nie, dit was nie so van die begin af nie. En as dit al is wat jy gedoen het, my dierbare vriend, en jy staan vandag hier, en het miskien nie eers dit gedoen nie, en julle in radioland, praat ek,

ook, die uur het gekom wat God moet spreek. Die vyand kom in soos 'n vloed, die Bybel leer dat die Gees van God 'n standaard daarteen sal oprig.

59 As jy ingesluit wil word in hierdie gebed, sê: "God, neem my terug na 'n ondervinding soos hulle gehad het op die Pinksterdag," sal julle julle hande opsteek, julle in hierdie sigbare gehoor? Die Here seën julle. Letterlik honderde hande gaan op. En julle buite in radioland, as julle ingesluit wil word in hierdie gebed, sal julle julle hande opsteek buite in radioland? En laat God julle 'n ondervinding gee soos dit was op die Dag van Pinkster.

60 Kom ons staan op ons voete hier in hierdie sigbare gehoor met ons hande op na God, en sê: "God, neem my terug na die begin, neem my terug na 'n ondervinding soos hulle gehad het op die Dag van Pinkster, wat die heilige Vure van God sonde veroordeel het, en al die onsuiwerheid uitgebrand het, en mans en vroue nuwe skepsels gemaak is, en hulle harte aan die brand was." Mag God dit beantwoord terwyl ons bid.

61 Here, hierdie paar gebroke woorde vertrou ek toe in U hande. En toe U hier op aarde was, het U dinge gevind wat aangaan wat nie volgens die Skrifte was nie. En U het hulle streng vertel, dat dit nie so was van die begin af nie. Here God, gee vandag dat elke man, vrou, seun, meisie, wat staan met hulle hande opgelig net nou tot U met 'n hartsbegeerte om 'n ondervinding te hê soos hulle aan die begin gehad het, mag die Heilige Gees kom soos 'n geweldige rukwind en elke skeurtjie van hulle hart vul, aan hulle hulle groot begeerte gee. Ons vra dit, in Jesus' Naam.

62 Terwyl julle bly staan met julle hande op na God, in die geloof dat. . .Moenie net dat hierdie Gees wat vir jou gesê het dat jy daardie ondervinding nodig het, moenie dat die vyand jou laat, jou vlag laat sak: "Jy is verslaan" nie, hou dit daar tot God kom, Hy het dit belowe, Hy's hier om dit te vervul.

63 "En hulle was almal in een plek in eendragtigheid. En skielik het daar uit die Hemel gekom soos 'n geluid van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het." O God, laat dit nog een keer verskyn hier in die Angelus Tempel vanmiddag, en buite in radioland. Terwyl hulle wag met hulle hande op, U prys hier regoor hierdie yslike plek, mag daar 'n ondervinding na hulle hart kom, 'n bietjie verwarming terug na 'n ondervinding wat hulle gehad het op die Dag van Pinkster, dat dit so sou wees met hulle soos dit aan die begin was.

59-0405A Dit Was Nie So Van Die Begin Af Nie
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org